Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, April 03, 2022

Page: 16


# Geldsake in huwelik moet deursigtig wees

## Kardinaal om saam te beplan vir aftrede, sterfte



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**





Vrou van ryk boer wil Egskeidingswet in hof laat wysig

Jeanne-Marié Versluis

'n Vrou wie se skoonfamilie haar 34 jaar gelede gedwing het om buite gemeenskap van goedere te trou, wil die Egskeidingswet laat wysig sodat sy vergoed kan word skatryk boer te maak.

Die man, na wie 'n tydskrif verwys het as 'n "megaboer" en 'n "altrepreneur", en sy vrou is besig om te skei.

Sy vra die hooggeregshof in Pretoria om art. 7(3) van die Wet verklaar, 'n beslissin gens regslui verreike vir skeisake kan inho dié wet kan iemand v vember 1984 buite ge van goedere en sond wasbedeling getroud hofbevel vra wat die bates onder hulle he

Die vrou se skoon die troue in 1988 ge sal in hul familie in ander manier as bu skap van goedere ni jonk, naïef en verlie huwelikskontrak get die aanwasbedeling nie, het haar regspa

Adv. Stuart Scott,

Ek kyk vandag na die huweliksvorm en die gevolge daarvan op jou finansiële lewe. Ek doen dit aan die hand van twee gebeure die afgelope paar weke.

Die eerste is wat ek op 13 Maart in *Rapport* gelees het: *Vrou van ryk boer wil Egskeidingswet in hof laat wysig*. Sy was glo "jonk, naïef en verlief", lees ek. En verder, beweer sy, haar aanstaande skoonpa het daarop aangedring dat sy trou met 'n huweliksvoorwaardekontrak sonder die aanwas.

Die tweede is 'n oproep wat ek vandeesweek van 'n voornemende kliënt se vrou gekry het. Hulle is getroud met 'n huweliksvoorwaardekontrak wat die aanwas insluit.

Hy wil hê ek moet vir hulle 'n finansiële beplanning doen. Sy weier om vir my enige inligting oor haar bates te gee. Sy is duidelik agterdogtig.

### Die regsvorm beïnvloed jou finansiële toekoms

Kom ons kyk eers na die huweliksvorm en dan die finansiële implikasies daarvan.

Jou huwelik is 'n kontrak wat jy sluit. Dit het met "jonk, naïef en verlief" bitter min uit te waai. En nog minder met die vereistes van 'n aanstaande skoonpa. Is mans dan al so skaars dat skoonpa's kan begin eise stel?

Die regsvorm van jou huwelik, buite gemeenskap van goed met of sonder die aanwas of binne gemeenskap van goed, het 'n finansiële impak op albei van julle.

Dink dus mooi oor die regsvorm van jou huwelik. Kom ons kyk maar uit 'n vrou se hoek, want dit is gewoonlik hulle wat aan die korste ent trek.

As jy byvoorbeeld 'n eie beroep volg en 'n eie salaris verdien, kan dit sin maak om buite gemeenskap van goed te trou. Elkeen sorg dan vir sy of haar eie geldsake en deel die huishoudelike verpligtinge.

Maar, en hier moet ek veral kyk na vroue wat trou met boere, of met "broodwinners" (daardie mans wat nie wil hê hul vrouens moet werk nie, "want ek sorg vir haar"), wat mooi moet dink.

Asseblief, almal is nie so nie, maar ek sien genoeg hiervan om dit uit te wys. Vroulief werk net so hard aan die boerdery, pas kinders op, voer haar man vet en net hy boer vooruit.

In 'n lewenslange, gelukkige huwelik kan dit werk. Anders kan dit vir jou as vrou 'n lewe van finansiële hel skep wat wag. Ek sien dit.

Dit is belangrik in enige finansiële beplanning om albei gades se bates en laste in ag te neem. Solank as wat julle getroud is, het dit 'n impak op mekaar se geldelike vermoëns.

Selfs al het jy niks en jou man alles, gaan jy 'n aftrede tegemoet, afhanklik van wat net hy het. Van sy kant af moet daar dan genoeg geld wees om vir albei van julle te sorg op jul oudag.

### Dit help nie jy probeer wegsteek

As julle getroud is mét die huweliksaanwas, raak dinge ietwat meer gekompliseerd. Deel van 'n finansiële plan, die grootste deel daarvan soos wat ek daarna kyk, is die bestuur van finansiële risiko's. 'n Aanwaseis is een so 'n risiko. Daarom is dit nodig om, al is dit die man wat vra vir 'n finansiële plan, die vrou se bates in ag te neem.

Baie kort gestel, as jy getroud is ingevolge die aanwasbedeling, gaan een van julle by die beëindiging van die huwelik, hetsy deur dood of egskeiding, 'n eis hê teen die een wie se netto batewaarde die meeste toegeneem het tydens die huwelik. En wel om die helfte van die verskil in groei tussen die twee boedels.

Sonder om te weet hoe lyk die potensiele aanwaseis, en dit geld enige kant toe, kan daar nie 'n finansiële beplanning gedoen word nie. Wegsteek beteken niks. Jy bluf jouself. Skei jy of sterf een van julle, kom alles in elk geval op die lappe.

In huwelike binne gemeenskap van goed is dinge dalk ietwat eenvoudiger wat dit aanbetref.

Alles, uitgesonder bates wat ingevolge 'n voorhuwelikse kontrak uitgesluit is, behoort om die helfte aan albei in gelyke en onverdeelbare dele. Hoewel hier ook 'n paar slaggate kan ontstaan. Maar ons kan dalk anderdag daaroor gesels.

Dit is in alle gevalle altyd beter om betyds voorsiening te maak indien dinge sou skeef loop met die huwelik. Anders kan jy soos die "ryk boer" se vrou hierbo dalk voel 'n hof moet kom regmaak waar jy "jonk, naïef en verlief" was.

### Dit hoef nie agteraf te wees nie

As ek sê vroue moet na hul eie geldsake omsien en vir hulself rykdom skep, beteken dit nie dat dit op 'n agteraf manier gedoen moet word nie. 'n Huwelik moet oop wees. Julle moet saam beplan vir aftrede; vir sterfte.

Byvoorbeeld, om te beplan vir aftrede, moet nie net die vrou se bates in ag geneem word nie, maar ook haar lewensverwagting.

Vroue leef langer as mans en daar moet genoeg voorsiening wees om haar te onderhou ná haar man se sterfte.

Sonder om te weet wat presies beskikbaar is tussen albei gades, kan 'n mens kwalik hierdie risiko – 'n lang lewe met te min geld – hanteer.

Kortliks, beplan rondom jou huweliksvorm, skep jou eie neseier, maar beplan saam, want dit raak albei van julle een of ander kant toe.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.